Woensdag **24 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:36-46**

**Fokusgedeelte: Matteus 26:39, 42, 46 (AFR53)**

**Die Here offer Homself, welwetende wat gevra word!**

Jesus nader die einde van sy lydensweg. Gewoond om tyd in gebed te spandeer, gebruik Hy sy voorkeur-bidplek op die Olyfberg, Getsemane.

Ten volle mens op aarde is sy voorkennis te groot vir een mens om te dra. My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My. Die oordeel van God wek vrees. Hy bid. *My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.* Die Here stel 'n voorbeeld, Hy berei voor! Hanteer jou angs, vlug in vertroue na die Toevlug, gebruik die gebedshouding van ootmoed. Ons mensheid is te klein vir hoër dinge, selfs die apostels is moeg. Jesus spreek tot ons gewetes, waarsku teen gebrek aan toewyding. Gemeenskap met God neem tyd. Spandeer wat nodig is. Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. Inherente luiheid verwater ons geloof in agterlosige versuim. Ons versoekings is moedeloosheid, gebrek aan vertroue, twyfel aan God.

Die Here van gebed vertoon gebedsvertroue. My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied. Opregte gebed het 'n tydsduur wat mensekrag beproef, selfs die binnekring van apostels kán nie uit hulleself gee wat nodig is nie. In Christus se innige gemeenskap met die Vader ontvang ons groot genade ... die kerk slaap terwyl Jesus, ons Voorbidder, handel.

Vertroue groei in Godvererende gebed. Jy oortree nie om dieselfde gebed drie maal te bid oor dieselfde saak nie. Selfonderwerping bring die bidder voor God se besluit.

Jesus spreek sy krisis aan deur na sy Vader te gaan in die aktiewe stryd. Kyk, die uur is naby, en die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van sondaars. Berustingskrag word ontvang. Gewilliglik dra Hy die verskriklike oordeel, onderwerp Homself aan die onreg van sondaars. Ómdat dit nie anders kan nie, tree Hy vorentoe, as plaasvervangende offer. Staan op, laat ons gaan. Leef dan in geloofsvertroue!

*Sing: Psalm 146-1:3, 6, 8*

*Ds. LJ (Lou) Erasmus (Naboomspruit)*